VERKLARING DEUR DIE VOORMALIGE STAATSPRESIDENT, MNR F W DE KLERK, OOR SUID-AFRIKA SE VERKIESING TOT DIE VN SE VEILIGHEIDSRAAD

Ek wil graag die Minister van Buitelandse Sake, Dr. Nkosazana Dlamini Zuma, en almal wat haar bygestaan het om Suid-Afrika se verkiesing tot die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad te verseker, gelukwens.

Hierdie sonderlinge eer – en die oorweldigende steun wat Suid-Afrika in die stemming in die Algemene Vergadering gekry het – is ‘n aanduiding van die agting wat daar vir Suid-Afrika in die internasionale gemeenskap bestaan. ‘n Groot deel van hierdie agting het sy ontstaan in die gebalanseerde en opbouende rol wat Suid-Afrika nou in soveel aspekte van wêreld-verhoudinge speel – veral met verwysing na ons uitmuntende bydrae tot vrede in Afrika.

Ek vertrou dat Suid-Afrika se verkiesing tot die Veiligheidsraad die voorloper sal wees tot ons aanwysing binnekort as ‘n permanente lid van ‘n uitgebreide Veiligheidsraad.

UITGEREIK DEUR DIE F W DE KLERK STIGTING
KAAPSTAD, 18 Oktober 2006
NAVRAE: Danie Keet (082 453 4350)